


Enkelvoudige sinne is die eenvoudigste soort sin.

- Dit is 'n sin met net een werkwoord.
- 'n Enkelvoudige sin bestaan uit 'n onderwerp, **een**¹gesegde (werkwoord) en 'n voorwerp.



• **Die onderwerp:**

Die onderwerp van 'n sin is gewoonlik 'n selfstandige naamwoord of 'n voornaamwoord. Om die onderwerp in die sin te identifiseer, moet jy vra wie of wat is verantwoordelik vir die aksie wat plaasvind. Wie is verantwoordelik vir die aksie in die voorbeeldsin?

Antwoord: My ma.

• **Die gesegde:**

Die gesegde dui op die aksie wat plaasvind. Dit is met ander woorde die werkwoord in die sin. Wat doen ma (onderwerp)?

Antwoord: sny.

• **Die voorwerp:**

Die voorwerp van 'n sin is gewoonlik 'n selfstandige naamwoord. Om die voorwerp te identifiseer moet jy vra: **Wat** word gesny?

Antwoord: die brood

→ **Hoe kan ek 'n enkelvoudige sin langer maak?**

a) Die onderwerp en voorwerp van 'n enkelvoudige sin kan langer gemaak word deur woorde te gebruik wat ons meer van die ²persoon, dier of ding vertel.

Byvoorbeeld: Die **koei** wei in die **veld**.

Die selfstandige naamwoord **koei** is die onderwerp en **veld** is die voorwerp.

Maak nou die sin langer deur 'n woord/e te gebruik wat die koei en die veld beskryf. (Byvoeglike naamwoorde)

Byvoorbeeld: Die (mooi/wit/swart/oulike) **koei** wei in die (oop/onderste) **veld**.

¹ Sodra 'n sin twee gesegdes het is dit nie meer 'n enkelvoudige sin nie, maar 'n saamgestelde sin.

² Byvoeglike naamwoorde beskryf 'n selfstandige naamwoord: Mooi meisie, oulike baba, rooi hoed, ens.

Oefening 1:

Soek nou die regte woord wat jou meer vertel van die onderwerp in die sinne.

warm	1) Die _____ <u>vrou</u> is by die dokter.
rooi	2) Die _____ <u>water</u> het my gebrand.
siek	3) Die _____ <u>kind</u> het pak gekry.
stomp	4) Die _____ <u>haan</u> kraai elke oggend.
ryk	5) Die _____ <u>polisieman</u> het die kind gered.
ryp	6) Die _____ <u>perskes</u> is baie lekker.
stout	7) Hierdie _____ <u>mes</u> wil nie sny nie.
dapper	8) Daardie _____ <u>man</u> het baie huise.

b) Ons kan die gesegde van 'n sin ook langer maak. Dan gebruik ons woorde wat die antwoord gee op vrae soos wanneer?, waar?, hoe?

Voorbeelde:

Die kind sit (waar?)

Die kind sit **by die tafel.**

Die bus ry (wanneer?)

Die bus ry **elke oggend.**

Die meisie skryf (hoe?)

Die meisie skryf **netjies.**

Oefening 2:

Soek nou die regte woord(e) om elkeen van die volgende sinne langer te maak.

stadig	1) Dewald kuier by sy ma _____. (kuier waar?)
volgende week	2) Pappa kap die hout _____. (kap met wat?)
in Kaapstad	3) Uile vlieg _____. (vlieg wanneer?)
voor die klas	4) Al die kinders staan _____. (staan waar?)
met 'n byl	5) Ouma gaan saans _____ slaap . (slaap wanneer?)
vroeg	6) Die skool sluit _____. (sluit wanneer?)
op die bed	7) Die seun loop _____. (loop hoe?)
saans	8) Die kind lê _____. (lê waar?)

Onthou 'n bywoord beskryf die werkwoord.

Waar? (Bywoord van plek) Wanneer? (Bywoord van tyd) Hoe? (Bywoord van wyse)

c) Ons kan die onderwerp/voorwerp en die gesegde gelyk langer maak.

Voorbeelde:

Die man (watter man?) werk (waar?)

Die ou man werk in die tuin.

Oefening 3:

Maak nou elkeen van die volgende sinne op dieselfde manier langer.

1) Die boom staan (waar?)

2) My broer gaan (wanneer?) Pretoria toe.

3) 'n slang het die hond (waar?) gepik.

4) Die onderwyser kom (wanneer?)
(hoe?) skool toe.

Antwoorde

Oefening 1:

Soek nou die regte woord wat jou meer vertel van die onderwerp in die sinne.

- 1) Die **siek vrou** is by die dokter.
- 2) Die **warm water** het my gebrand.
- 3) Die **stout kind** het pak gekry.
- 4) Die **rooi haan** kraai elke oggend.
- 5) Die **dapper polisieman** het die kind gered.
- 6) Die **ryp perskes** is baie lekker.
- 7) Hierdie **stomp mes** wil nie sny nie.
- 8) Daardie **ryk man** het baie huise.

Oefening 2:

Soek nou die regte woord(e) om elkeen van die volgende sinne langer te maak.

- 1) Dewald kuier by sy ma **in Kaapstad**. (kuier waar?)
- 2) Pappa **kap** die hout **met 'n byl**. (kap met wat?)
- 3) Uile **vlieg saans**. (vlieg wanneer?)
- 4) Al die kinders **staan voor die klas**. (staan waar?)
- 5) Ouma gaan saans **vroeg slaap**. (slaap wanneer?)
- 6) Die skool **sluit volgende week**. (sluit wanneer?)
- 7) Die seun **loop stadig**. (loop hoe?)
- 8) Die kind **lê op die bed**. (lê waar?)

Oefening 3:

Maak nou elkeen van die volgende sinne op dieselfde manier langer.

(Moontlike antwoorde - Leerders se antwoorde mag van die verskil.)

- 1) Die **groot** boom staan **voor die huis**. (waar?)
- 2) My **oudste** broer gaan **Sondag** (wanneer?) Pretoria toe.
- 3) 'n **Giftige** slang het die hond **op sy been** (waar?) gepik.
- 4) Die **nuwe** onderwyser kom **elke dag** (wanneer? - TYD) **met die bus** (hoe? WYSE) skool toe (PLEK).

Onthou: Woordorde van bywoorde is: 1) tyd 2) wyse 3) plek

Vir die onderwyser:

Wat in die les behandel word:

- Enkelvoudige sinne
- Bywoord van tyd, wyse en plek.
- Byvoeglike naamwoorde.
- Werkwoorde
- Selfstandige naamwoorde
- Woordorde in sinne.
- Hersien die gebruik van hoofletters en punte met behulp van die werkvel.